# OPENBARE MENING, DIE PERS EN DIE HISTORIKUS*

A.J. van Wyk
*Universiteit van Pretoria*

## I

Openbare mening is waarskynlik so oud soos die beskawing. Hoewel dit eers in die moderne tyd 'n faktor van betekenis geword het en maar sedert die afgelope honderd jaar of wat intensief bestudeer word, is die materiaal vir so 'n studie in alle geletterde kulture aanwesig. Deur die eeue heen het dit 'n evolusionêre proses deurloop tot waar dit vandag deur psigoloë, sosioloë, staatswetenskaplikes, kommunikasiekundiges en, les bes, historici ondersoek en ontleed word.

Dat dit 'n omstrede begrip moet wees, lê haas voor die hand, want hoe kan 'n mens openbare mening presies afbaken? Hoe kan jy dit omskryf? Hoe ontstaan dit en kom dit tot uiting? Is dit iets wat bepaal, gemeet, gepeil kan word ?

Omdat jy hier, soos in die geskiedenis, met die mens in sy onvoorspelbare dink en doen te maak het, moet klinkklare antwoorde nie verwag word nie. Trouens, daar is al gesê dat om openbare mening met presiesheid te probeer omskryf, net so moeilik is as om handgemeen met die Heilige Gees te raak;[1] ook: dat daar byna ewe veel definisies van openbare mening bestaan as wat daar skrywers oor die onderwerp is.[2]

Die vraag oor die goed of kwaad van openbare mening is ewe omstrede. *Let nie op die woorde wat die mense spreek nie,* het die Prediker al geskryf, *sodat jy nie hoor dat jou dienaar jou vloek nie.*

Ook die Griekse wysgeer Sokrates (469—399 v.C.) het, in die verhaal van sy teregstelling wat Plato agtergelaat het, "die mening van die een man" verkieslik geag bo "die mening van die vele".[3] Trouens, hy het laasgenoemde, d.w.s. openbare mening, as 'n spook beskou "om kinders mee bang te maak", soos Marcus Aurelius (161—180 n.C.) eeue later van hom gesê het.[4] Plinius die Jongere (62— ±114 n.C.), daarenteen, het geglo dat die mening van 'n enkeling van weinig waarde is, maar aansienlike gewig verkry wanneer dit met ander menings verenig raak.[5] Sy tydgenoot Plutarchus (50—120 n.C.) het weer geglo dat openbare mening die tinktuur van filosofie

* Lesing gelewer aan lede van Departement Geskiedenis van Unisa, 27.7.76.

J.J. Best, *Public Opinion, Micro and Macro,* Dorsey Press, Georgetown, Ontario, 1973, p.1.
2. B.C. Hennessy, *Public Opinion,* 2nd ed., Duxbury Press, USA, 1970, p.21.
3. "Crito", in *The Harvard Classics* (hierna *Harvard* ...), II, Collier, New York, 1963, pp.32—34 en 35—37.
4. "Meditations", in *ibid.,* p.292.
5. "Letters", in *ibid.,* IX, p.306.

uit die siel van die mens wegspoel en met die drifte van die gewone man vervang.[6]

Dit is bekend dat sowel die Grieke as die Romeine van die Oudheid waarde geheg het aan die uitsprake van die volk — "volk" in 'n beperkte betekenis. Om een voorbeeld te noem: Die Romeine het die wetlike gebruik sedert die vroegste eeue van hul republiek gehad dat jy teen die beslissing van die magistraat kan appelleer deur jou op die volk te beroep,[7] m.a.w. op die openbare mening. Die Romeinse uitdrukking *vox populi, vox dei* is bekend.

Die term "openbare mening" in die moderne sin van die woord is egter eers tydens die Renaissance die eerste keer deur Machiavelli (1469—1527) in sy *Redevoeringe* gebruik, terwyl Jean Jacques Rousseau (1712—1778) as Verligte denker in sy *Kontrak Sosiaal* beter begrip daaraan gegee het. Nòg die een, nòg die ander het dit egter in sy moderne probleemgestalte aangeraak, want dit was nog in die pre-demokratiese tydperk en voordat die massa-mens sy opvattinge effektief kon gebruik om beleid te bepaal. Eers met die val van die klem op politieke gelykheid en met die daeraad van die demokrasie teen die begin van die 19e eeu het openbare mening 'n faktor begin word waaraan al meer aandag gegee is.[8]

Soos te verstane, was sy openbare verskyning in die moderne tyd ook geensins onomstrede nie. Dit is, in teenstelling met wat as die "Goddelik geïnspireerde" *vox populi* beskou is, spottend bestempel as die lawaai van 'n kunsmatig beïnvloede seksie van die gemeenskap "which under the name of PUBLIC, passes itself, upon the unthinking, for the PEOPLE".[9] Dit is afgemaak as "(that) great compound of folly, weakness, prejudice, wrong feeling, right feeling, obstinacy, and newspaper paragraphs".[10] Daar is gemaan teen wat bestempel is as die "tirannie van die heersende mening" wat 'n neerdrukkende juk van eenvormigheid op die mensdom afdruk; want hierdie produk van die massa word gevorm en gevoed deur middelmatiges, is middelmatig en het 'n middelmatige regering tot gevolg. Daar moet 'n perk wees, is gesê, aan die regmatige bemoeiing van die openbare mening met die vryheid van die individu, en om daardie perk te vind en te handhaaf, is net so belangrik as om die mens van politieke despotisme te vrywaar, want daar moenie vergeet word nie dat alle wyse en eerbare dinge hul ontstaan by individue het — heel aan die begin gewoonlik by een individu.[11]

So het daar kwaai geleerde stemme teen openbare mening opgegaan, dog voor die einde van die 19e eeu is erken dat alle vrye regerings, van

"Plutarch's Lives", in *ibid.*, XII, p.245.

"Letters", in *ibid.*, II, p.306, voetnoot.

8. B.C. Hennessy, *Public Opinion*, pp.21— 3.

9. William Wordsworth, "Essay Supplementary to Preface" (1815), in *Harvard* ..., XXXIX, pp.335—6.

Sir Robert Peel (1820), aangehaal by Sir George Newman, "Public Opinion in Preventive Medicine", in *International University Society's Reading Course*, IV, p.357.

J.S. Mill, "Autobiography" en "Essay on Liberty", in *Harvard* ..., XXVI, pp.157, 199, 260—261, 268, 279, asook sy "The British Constitution", in *International* ... *Course*, II, p.437.

watter aard ook al, regering by wyse van openbare mening is;[12] dat nòg die plaaslike raad, nòg die parlement of regering die laaste sê het, want dié berus by die burgerry in sy totaliteit; dat openbare mening die wêreldheerser is, en dat regerings, gewoontes en gebruike deur die man op straat gevorm word.[13]

Bostaande is as 'n klag gestel, en tog lyk dit asof die stelsel waarteen gekla is, demokrasie in sy suiwerste vorm verteenwoordig. Indien daar een oorheersende openbare mening in 'n gemeenskap is, indien dit gesond is en in alle belangrike sake beleidmaking en regeringsoptrede rig, kan dit nie anders as om 'n heilsame uitwerking te hê nie. Dog daar is normaalweg, soos nog sal blyk, meer as een openbare mening in 'n gemeenskap; die oorheersende mening is nie noodwendig gesond nie en, indien nie, ook nie die uitwerking op beleidmaking en regeringsoptrede nie.

In 1934 het 'n Amerikaner byvoorbeeld gewaarsku dat die gaping tussen ingeligte openbare mening en regeringsoptrede so wyd geword het, en beheer oor die regering deur middel van hartstog, wetlike formules en hoogs georganiseerde, effektiewe en selfsugtige minderhede so algemeen, dat daar op 'n dooipunt afgestuur word op haas elke terrein van openbare optrede. Dit, sê hy, loop uit op 'n verkragting van die demokrasie in vele opsigte.[14] In 1940 het E.C. Lindeman en C.R. Miller gewaarsku dat openbare mening in die eerste instansie 'n reaksie op die inwerking van propagandamiddele geword het.[15] Dit was egter in die tweede jaar van die Tweede Wêreldoorlog, en in oorlogstyd behoort die toestand uiteraard anders te wees as in vredestyd.

Dat propaganda 'n rol speel, dat daar drukgroepe is vir wie dit om eiebelang gaan, dat daar ongesonde tendensies is en dat daar verskeie metodes is waarvolgens die openbare mening geskep, gemanipuleer en/of in 'n bepaalde rigting gestuur kan word, byvoorbeeld deur die owerheid, leiersfigure en die massa-media, is waar en word deur gesaghebbendes aanvaar. Dat dit altyd uit die bose moet wees, volg egter nie noodwendig daaruit nie. Selfs 'n kunsmatig opgewekte openbare mening kan edel geïnspireer en gesond wees. Boonop is daar faktore soos die invloed van die huisgesin, skool, kerk, bestaande opvattinge, nuwe en gesonde filosofiese, politieke en intellektuele denkrigtings wat ook 'n rol speel in die vorming daarvan.

Om openbare mening dus te wil verdoem as slegs van die duiwel ingegee, is om te wanhoop nie net aan die demokrasie nie, maar ook aan die mens. Soos in die lewe self het èn die edele èn die bose 'n tuiste in die openbare mening — en uit die wisselwerking tussen die twee klink die stem van die sondaar op. Of soos F.G. Wilson die woorde van *The Nation* aanhaal:

12. J.R. Russell, "Democracy", in *Harvard* ..., XXV, p.468.
13. Sir George Newman, "Public Opinion in Preventive Medicine, in *International* ... *Course,* IV, p.357; J.S. Mill, "Essay on Liberty", in *Harvard* ... XXV, pp.260–1.
14. N.M. Butler, "The Attack on Liberalism", in *International* ... *Course,* VIII, p.57.
15. Aangehaal by G.L. Bird en F.E. Merwin (Eds.), *The Press and Society, A Book of Readings,* Connecticut, reprinted 1971, p.29.

"The voice of the people is neither the voice of God nor the utterance of Belial — it is simply the cry of man."[16]

Of openbare mening dus 'n natuurlike ontstaan het, of kunsmatig opgewek is, die owerheid moet dit in ag neem. Gebeur dit nie, waarsku 'n Amerikaner in ons tyd, ontstaan die gevoel onder diegene oor wie se lot dit gaan, dat die owerheid hom nie aan hulle steur en dat hulle nie medeseggenskap in beleidmaking het nie. Dit is dan dat hulle weens frustrasie neig om met geweld uit die politieke stelsel te bars en hul eise om verandering hoorbaar te maak.[17]

Kortom, openbare mening en die benutting daarvan is noodsaaklik vir gesonde landsbestuur. Hoe noodsaaklik dit is, blyk uit die volgende: Indien daar glad nie so iets soos openbare mening was of kon bestaan het nie, sou nie twee tydgenote ooit eenders oor dieselfde saak kon voel nie en sou konsensus nie moontlik wees nie. So 'n toedrag van sake sou demokratiese regering onmoontlik en enige ander vorm van regering uiters moeilik gemaak het, want dan sou die spreekwoord *soveel mense, soveel sinne* in die praktyk uitgeleef moes word — met anargie in sy voetspoor.

Oor die bestaan van openbare mening — of dan iets wat onder daardie naam bekend staan — kan daar dus nie getwyfel word nie. En as dit *bestaan*, behoort dit uitgeken en omskryf te kan word, maar dis juis waar die knoop lê. Sedert daar van kort na die begin van die twintigste eeu al dieper in en om die begrip gedelf is, is daar tot in die vroeë sewentigerjare nog geen eenstemmigheid bereik oor wat openbare mening presies is nie.[18] Dit lyk dus dat, wat die omskrywing van die begrip betref, 'n uitspraak van 1950, herbevestig in 1966, nog van krag bly, naamlik "that there is no generally accepted theory of public opinion, nor does it appear likely that one will emerge in the immediate future".[19]

Die blote term "openbare mening" is misleidend; so ook "wêreldmening", "wil van die volk", "stem van die volk". Hierdie terme — beeldspraak? — wil te kenne gee dat dit die algemene of meerderheidsmening, -wil, -stem is, maar dit is nie noodwendig die geval nie. Die minderheidsmening is eweseer 'n openbare mening as die meerderheidsmening. 'n Minderheidsmening kan selfs kragtiger as 'n meerderheidsmening wees. Indien 49% van 'n gemeenskap sterk eensgesind oor 'n saak is en 51% maar flouerig daarteen, het eersgenoemde die sterkste openbare steun en behoort dit op die ou end te wen. Een man wat sy mening kragtig stel, verteenwoordig 'n groter meningsgewig as verskeie ander wat hul standpunt eina-eina stel. Die mening van die meerderheid is derhalwe nie noodwendig dié openbare mening nie.[20]

Een gemeenskap kan dus — en het gewoonlik — meer as een gelyklopende openbare mening oor belangrike sake. Dink maar aan die sterk openbare meningsverskil in Suid-Afrika rondom groot strydpunte soos deel-

16. *A Theory of Public Opinion*, p.295.
17. Best, *Public Opinion* ... p.264.
18. B.C. Hennessy, *Public Opinion*, p.24; Best: *Public Opinion* ..., p.1.
19. B. Berelson & M. Janowitz (Eds.), *Reader in Public Opinion and Communication*, 2nd. ed., New York, 1966, p.5, waar die ou stelling van die 1950-uitgawe herhaal word.
20. A.L. Lowell, "Public Opinion", in *ibid.*, pp.20–6.

name aan die twee wêreldoorloë, republiekwording, swart-wit verhoudinge. Op die Suid-Afrikaanse toneel kan daar tussen wit, swart en bruin openbare mening oor vele sake onderskei word; en elk van hulle sal in sekere gevalle in hul onderskeie komponente afgetak kan word.

Omdat dit lastig is om in 'n beredenering soos hierdie telkens onderskeid te maak tussen die komponente van openbare mening, word daar voortaan slegs van die omvattende term gebruik gemaak. En om verder te vereenvoudig, word die begrip omskrywend saamgevat in die woorde van dr. W.J. de Klerk, redakteur van *Die Transvaler:* "Openbare mening is die gangbare aksente en opvattinge van 'n beduidende gedeelte van dié deel van die publiek wat menings bepaal en wat invloed uitoefen op ander."[21]

Dit is paslik dat daar hier van die mening van 'n koerantredakteur gebruik gemaak word, want, soos reeds gestel, is die massa-media onder die verskeie faktore wat in die vorming van openbare mening aan die werk is. Onder "massa-media" word die pers, radio en televisie verstaan, maar hier word slegs die pers aangeraak.

## II

Beïnvloeding en meningsvorming is deel van die pers se taak, en die geloof in sy krag om dit te kan doen, bestaan nog altyd in wye kring.[22] Van die redakteur van 'n Suid-Afrikaanse koerant, Edmund Garrett van *The Cape Times,* is dan ook gesê dat hy sy redaksionele stoel slegs as 'n preekstoel beskou het waarvandaan hy menings uitgespreek het waarvan hy hartgrondig oortuig was.[23]

Hierdie uitspraak geld elke koerantredakteur wat sy sout werd is, waar hy hom ook al in die Vrye Wêreld bevind, en kan, wat die Suid-Afrikaanse toneel betref, net so op alle redakteurs en hul koerante van toepassing gemaak word — van die vroeë 19e eeu tot vandag. Dit is 'n redakteur se plig om sy sê te sê. In 1947 het die Amerikaanse Commission on Freedom of the Press byvoorbeeld by monde van sy voorsitter, Robert M. Hutchins, verklaar dat as iemand diep deur 'n gedagte aangegryp word, hy nie alleen 'n begeerte het om dit uit te spreek nie, maar dat hy dit behoort te doen. Hy is dit aan sy gewete en aan die gemeenskap verskuldig. "The indispensable function of expressing ideas is one of obligation — to the community and also to something beyond the community — let us say to truth."[24]

Waarheid is vir die koerantman egter ewe ontwykend as vir die historikus. Hoewel daar 'n groot ooreenkoms is in die wyse waarop hulle hul stof versamel, verwerk en weergee, is die tempo waarteen die koerantman moet werk, die beperkte ruimte in die koerant vir sy "verhaal" (in die besonder die opskrif), die gebrek aan tyds- en afstandsperspektief

21. In 'n brief aan my, 4 Junie 1975. Sien ook B.C. Hennessy, *Public Opinion,* pp.24— 5.
22. L. Bogart, "The Mass Media in America", in *Dialogue,* 4(1), 1973, p.65.
23. A.N. Porter, "Sir Alfred Milner and the Press, 1897—1899", in *The Historical Journal,* 16(2), June 1973, p.325.
24. "A Free and Responsible Press", in Bird & Merwin (Eds.): *The Press and Society ...,* p.47.

belemmerende faktore. Boonop is hy, net soos die historikus, 'n gevangene van sy persoonlike vooroordeel, sy besondere siening van sake, sy groeps- en volksverband. Daarom is ook sy pennevrug subjektief, bly objektiwiteit 'n onbereikbare ideaal en kan ook hy nie by die volle waarheid uitkom nie.

Daar is egter ook ander invloede as hierdie aan die werk. Die nuusman moet binne die raamwerk van die menings en vooroordele van sy lesers beweeg. Daar is te veel nuus vir te min joernaliste, gevolglik kan nie alles behoorlik verwerk en aan die feite getoets word nie. Die meeste koerante, veral dié wat aan 'n party of ideologie gekoppel is, het 'n vooropgesette beleid waaraan die nuusberigte en kommentaar gemeet moet word. Hierdie beleid — ook genoem tradisies en gebruike[25] — is nie in geskrewe vorm te sien nie, tog moet dit uitgeleef word en deursuur dit algaande die hele redaksie.[26]

Aanklagte dat die pers bevooroordeeld is en openbare mening vorm sonder om aan enigeen verantwoording hoef te doen, word dan ook dikwels gemaak. In die Verenigde State van Amerika, een van die weinige lande wat konstitusionele en tradisionele waarborge vir die vryheid van die pers het, het dit 'n besondere strydpunt geword.

Daar steek ook om ander redes as die reeds genoemdes waarheid in hierdie aanklagte van vooroordeel. Hoewel dit as een van die rigsnoere vir die pers neergelê is dat feite nie verdoesel en verdraai en met die persoonlike mening van die joernalis deurspek mag word nie, is dit nou maar eenmaal so dat beriggewing seleksie en rangskikking van feite behels — in die historikus se "beriggewing" tog ook —, en hierin speel die nuusman se oordeel 'n onmiskenbare rol.[27] Hierdie seleksie verleen al klaar 'n meningskleur aan die nuus.

Nadat die verslaggewer sy seleksie toegepas het, volg 'n veel groter mate van seleksie tydens die samestelling, of opmaak, van die koerant, want ruimte is beperk en slegs die nodige kan geplaas word. Daarom kan dit gebeur dat 'n verslaggewer se reeds bondige verslag verder verkort word — soms uit verband uit vanweë tyddrukte en gebrek aan ruimte — of glad nie geplaas word nie. Daar word gesê dat die redaksie van die lywige *New York Times* daagliks genoeg nuuskopie in die snippermandjie gooi om nog so 'n koerant op straat te bring. Wat daar geld, geld in 'n mindere of meerdere mate in die redaksionele kantore van elke koerant.

Ook uit 'n ander oord kom daar vooroordeel en onwaarheid: die terrein van internasionale nuusdekking. Vanweë die koste wat dit verg om 'n wêreldwye nuusnetwerk in stand te hou, is die grootmoondhede in staat om deur middel van die vier groot nuusagentskappe Reuter, Associated Press, United Press International en l'Agence France-Presse die wêreldtoneel te oorheers. Dit is waarom hierdie agentskappe al as nuus-imperialiste ver-

25. Sien G. Shaw, *Some beginnings, The Cape Times (1876—1910)*, Oxford Univ. Press, London, Cape Town, 1975, p.164.
26. Jean-Louis Servan-Schreiber, *The Power to Inform, Media: The Information Business* (translated from the French), McGraw-Hill, New York, 1974, pp.238 — 40.
27. Berelson & Janowitz (Eds.), *Reader in Public Opinion* ..., pp.541 — 2; J. Whale, *Journalism and Government*, London, 1972, p.101; E.H. Carr, *What is History?*, London, reprinted 1973, pp.10 — 11.

oordeel is, want hulle verskaf die bril waardeur die kleiner lande onbewus die res van die wêreld betrag. Hierin speel publikasies soos *The New York Times, The Economist* van Londen en *Le Monde* van Parys 'n groot rol, want die nuusmanne van die internasionale agentskappe raadpleeg graag eers hierdie meesters voordat hulle hul berigte vir wêreldverspreiding opstel. So word die vooroordele en selfs foute van die New Yorkse, Londense en Paryse joernaliste uitbasuin. Dat dit gebeur, of kan gebeur, moet egter nie met oordrewe erns bejeën word nie, want nasionale koerante bestee weinig ruimte aan oorsese nuus. Lesers stel hoofsaaklik in hulself en hul eie sake belang.[28]

## III

Uit veel van die voorafgaande moet dit duidelik wees dat die veelgeroemde persvryheid — ook sy vryheid om 'n onafhanklike standpunt te kan stel — op 'n wanopvatting berus; meer nog: die bestaan van algehele persvryheid is 'n mite. Daar is allerlei vorme van beheer of moontlike beheer: regeringsbeheer, sensuur (seleksie van nuus is al klaar 'n vorm van sensuur), druk van die grootgeldmag, invloed van adverteerders, eienaars wat eiebelang bevorder, joernaliste wat mekaar onderling beveg om hul poste te beveilig.[29]

Dit sal gek wees om te beweer dat alle koerante elke dag deur al hierdie vorme van beheer geraak word, want ook in die nuusbedryf is daar so iets soos integriteit. Dat een of ander vorm van beheer een of ander tyd op een of ander koerant uitgeoefen kan word, is wel moontlik.

Geslepe persone wat posisies van aansien geniet, kan byvoorbeeld nuus manipuleer. Dit kan veral deur belangrike regeringsamptenare gedoen word wie se doen en late voortdurend deur die pers gedek word. Weens hul vriendskap met die pers en hul invloed kan hulle hul menings makliker as die gewone man in die pers laat verskyn om 'n saak in 'n spesifieke rigting te stuur. Voorts wil die persman graag die goedgesindheid van die hoë persoon behou om sodoende van 'n goeie nuusbron verseker te wees, derhalwe is hy geneig om niks te publiseer wat tot die hoë persoon se nadeel kan strek nie. So kan die waarheid geweld aangedoen word.

En die redakteur? Teoreties, en ook in soverre hy sy eie standpunt kan stel, is hy vry en roem hy op daardie vryheid. Heel dikwels is hy egter reeds 'n "gevangene" by sy aanstelling, want redakteurs word net soseer om hul oortuiginge as om hul joernalistieke vaardighede aangestel. As dit vooraf bekend is dat sy oortuiginge nie met die beleid van die koerant strook nie, sal hy kwalik as redakteur oorweeg word. Hoewel die redakteur hom dus met alle reg op sy vryheid binne die koerantbeleid kan beroem, duur daardie vryheid so lank soos hy hom aan die opvattinge hou op grond waarvan hy aangestel is. Hierdie vorm van persbeheer word dus vóór die aanstelling van die redakteur verseker, nie daarná nie.

28. Servan-Schreiber, *The Power to Inform* ..., pp.160–1.
29. *Ibid.*, pp.227–38. Sien ook H.L. Smith, *Behind the Press in South Africa,* Cape Town, n.d.

Hier kan gewys word op die aanstelling van W.F. Monypenny as redakteur van *The Star* om sir Alfred Milner se oorlogsbeleid teen die Boererepublieke te propageer;[30] die ontslag van J. Saxon Mills, redakteur van *The Cape Times,* in 1902 omdat hy nie volgens die "tradisies" van die blad opgetree het nie;[31] die "advies" wat dr. F.V. Engelenburg, eienaar van *The Times of Natal* in Pietermaritzburg, uit Pretoria aan redakteur Short van daardie blad oor die Botha-Hertzog-skeuring gepos het "(to) guide your opinion as to the little crisis";[32] die ontslag van redakteur McCausland van *The Cape Argus* in 1938 en dié van mnr. Leslie Sehume, sportredakteur van *The World,* in 1975 omdat hulle buite die politieke beleid van die Argus getree het.[33]

En kan die aanstelling van drs. D.F. Malan en H.F. Verwoerd as eerste redakteur van onderskeidelik *Die Burger* (1915) en *Die Transvaler* (1937) in 'n ander lig gesien word?

Dit is 'n oud-redakteur van *The Cape Argus,* mnr. Morris Broughton, wat na sy bedanking geskryf het dat die werklike mag van die Suid-Afrikaanse pers nie by die redakteurs lê nie, maar by die eienaars "through their instruments the business managers and directorates ... There is no genuine editorial power of decision, only and fundamentally, of conformity".[34]

Ook Leo Bogart, 'n Amerikaanse gesaghebbende in die advertensie- en reklameveld, glo dat die mag om openbare mening te vorm aan die koeranteienaars en -uitgewers 'n direkte invloed op politieke gebeure gee, en dat hierdie beheer oor magtige media dikwels gebruik word om eieen partybelang te bevorder.[35] Dit is hierdie einste Leo Bogart wie se hulp vanjaar deur mnr. John Fairbairn, hoofbestuurder van *The Rand Daily Mail,* ingeroep is om 'n "beeldbouende promosieveldtog" namens die *Mail* te doen in die aangesig van die bedreiging wat mnr. Louis Luyt se beoogde *The Citizen* vir die *Mail* inhou.[36]

Dit bring mens by manipulering van buite die koerantkring, soos Milner se pogings tot vorming van die openbare mening deur middel van sy verbintenis met *The Star* en *The Cape Times.* Sy betrokkenheid in die pers, skryf 'n Britse historikus, het op niks anders nie as bedekte propagandavoering neergekom. "His was the propaganda which tried to impose a viewpoint on people without their being aware of his role in it, propaganda masquerading as objectivity ..."[37] Sy houvas op J. Saxon Mills

30. Porter, "Sir Alfred Milner and the Press, 1897—1899", in The *Historical Journal,* 16(2), June 1973, pp.325, 333— 5.
31. G. Shaw, *Some beginnings ...,* pp.114— 22.
32. Engelenburg-versameling, Politieke Sake, item 7: Engelenburg—Short, 14 Des. 1912, in Transvaalse Argiefbewaarplek.
33. Smith, *Behind the Press in South Africa,* pp.92—5; *Rapport,* 18 Mei 1975: Pollux se bladsy. Aan my is ook bekend die degradering van mnr. Barend Venter, bestuurder-redakteur van *Die Nataller,* Durban (Voortrekkerpers), in die vroeë sewentigerjare nadat hy 'n kleurbeleid verkondig het wat sy tyd vooruit was.
34. *Press and Politics of South Africa,* Cape Times, 1961.
35. "The Mass Media in America", in *Dialogue,* 6(1), 1973, p.65.
36. *Hoofstad,* 21 April 1976: hoofvoorbladberig.
37. Porter, "Sir Alfred Milner and the Press, 1897—1899", in *The Historical Journal,* 16(2), June, 1973, p.339.

van *The Cape Times* tydens sy beoogde opskorting van die Kaapse grondwet, het daartoe gelei dat die blad van 'n sterk teenstander van die plan in 'n ewe sterk voorstander daarvan omgespring het.[38]

Voorbeelde van 'n soortgelyke aard: Die poging van die Botha-regering in 1910 om *The Natal Witness* te muilband deur die blad regeringsadvertensies te ontsê;[39] die advertensie-boikot van die Engelssprekende sakewêreld teen *Die Burger* in 1915 in 'n poging om die blad dood te smoor;[40] die druk wat in die laat dertigerjare op J.W. Schlesinger uitgeoefen is om sy koerantbelange in Suid-Afrika te verkoop omdat sy opponering van die gevestigde Engelstalige pers alhier nie bevorderlik vir die internasionale Jodedom was nie.[41]

Selfs gewelddadige intimidasie — blote wraakneming? — kom voor. Dit is bekend dat *The Star* se gebou tydens die 1913-staking aan die brand gesteek is. *Die Transvaler* en *Die Burger* het tydens die Tweede Wêreldoorlog ook elk 'n aanslag van geweldenaars beleef, en in 1963 is die gebou van *Die Nataller* in Durban deur 'n bomontploffing beskadig.[42]

Meer voorbeelde van allerlei aard om dwang op die pers toe te pas, kan opgenoem word, en dit raak die pers dwarsdeur die Vrye Wêreld. Beheer deur die regering en politieke partye is vandag egter van 'n geringer omvang as vroeër. Britse koerante het al teen koningin Victoria se opvolging met 'n veldtog begin om groter onafhanklikheid te verkry van "the influence of governments and political parties",[43] en in Suid-Afrika het selfs die Afrikaanse dagblaaie, wat deurgaans uit politieke faktore ontstaan het om bepaalde ideale te verkondig, hulle sedert die sestigerjare in al groter mate van politieke partybeheer begin losmaak.[44]

Hoewel persvryheid in die volle sin van die woord dus nie bestaan nie, moet daar in kritiek op die pers — en op die koerant as historiese bron — gewaak word dat die baba nie met die badwater uitgesmyt word nie. Ten spyte van sy tekortkominge speel die pers steeds 'n besondere rol in die demokratiese proses. Sy lof en sy kritiek is gewens, en boonop lig hy die publiek vryeliker en objektiewer in as enige ander bron van inligting. Hy doen dit onvolledig, bevooroordeeld en dikwels windskeef, maar hy lig in. En aan diegene wat persvryheid in twyfel wil trek, kan geantwoord word dat, soos met ander vryhede, 'n mens eers besef wat vryheid van die pers werklik beteken wanneer jy dit geheel en al ontneem word.

Soos vir die historikus, wat ook onder velerlei beperkinge en invloede gebuk gaan, is die waarheid steeds 'n mikpunt in die joernalistiek, of soos dr. Hoyt verklaar het, "...journalism is a branch of history.

38. Shaw, *Some beginnings ...*, pp.114— 22.
39. Sien *The Natal Witness*, 7, 10, 12 Okt. 1910; *The Natal Advertiser* en *The Natal Mercury*, 11 Okt. 1910, *The Transvaal Leader*, 12 Okt. 1910.
40. P.R. Botha, "Hier is hy Nog", in J.P. Scannell (samesteller), *Keeromstraat 30, Gedenkbundel vir die vyftigste verjaardag van Die Burger*, Nas. Boekh., Kaapstad, 1965, pp.9—10.
41. Smith, *Behind the Press in South Africa*, pp.133—7.
42. Sien i.v.m. lg. twee H.H. Dreyer, "Unieke Verjaardag — en 'n woeste Aanval", in Scannell, *Keeromstraat 30 ...*, p.189, en *Die Nataller, Spesiale Uitgawe*, 19 Jan. 1963.
43. R. Stewart, "The Conservative Party and the 'Courier' newspaper, 1840", in *The English Historical Review*, XCI(359), April 1976, p.346.
44. J.H.P. Serfontein, *Die Verkrampte Aanslag*, Kaapstad, 1970, p.219.

There is no use adding 'journalism at its best,' or 'responsible journalism;' if journalism often strays from objective truth, why so do other branches of history."[45]

IV

Oor die rigtinggewende en meningvormende rol wat koerante in die Suid-Afrikaanse geskiedenis gespeel het, kan daar nie getwyfel word nie, en daaroor is ook al veel van 'n wetenskaplike en half-wetenskaplike aard geskryf. Inderdaad kan die Suid-Afrikaanse geskiedenis, veral die politieke, nie ten volle begryp word sonder om die rol van die pers daarin te ken nie. Drs. Malan en Verwoerd het in hul redakteursdae dan ook geen onderskeid tussen die redaksionele en die politieke stoel gemaak nie,[46] en dieselfde geld hul Engelstalige kollegas.

So is en word die koerant as middel tot 'n doel gebruik: om die publiek in te lig, voor te lig, mening te vorm en te slyp.

Dit kan egter gebeur dat 'n koerant misluk in sy pogings tot meningsvorming. Dit was die geval in die Amerikaanse presidentsverkiesings van 1932—48. Die persentasie van die Amerikaanse pers wat in hierdie verkiesings téén die suksesvolle kandidaat was, was naastenby 60% in 1932, 64% in 1936, 77% in 1940, 78% in 1944 en 80% in 1948.[47] Dit was egter voordat die reklamemense ingeroep is. Van die vyftigerjare af is die massa-media en die dwingende verkoopstegnieke van die sakewêreld op 'n reuseskaal en intensief deur opgeleide reklamemense namens 'n kandidaat gebruik om hom aan die kiesers te verkoop.[48] Dit is na aanleiding hiervan dat daar al verklaar is "that Presidential candidates, like underarm deodorants, can be 'sold' to the public".[49]

Uit die Suid-Afrikaanse geskiedenis is daar ook 'n voorbeeld te haal van die mislukking van koerante om hul mening by die breë publiek te laat inslaan. So 'n proses voltrek hom sedert 1948. Die Engelstalige anti-regeringspers kon, ten spyte van 'n enorme oorwig aan lesers, nog nie daarin slaag om die openbare mening teen die Regering te swaai nie. Dit is die geval ten spyte van die feit dat 'n koerant soos *The Star* doelbewus probeer "to persuade our readers, through our editorial comment, that our point of view is soundly based".[50]

'n Koerant beweeg egter nie net op die politieke terrein nie. Hy verstrek immers inligting en voorligting op alle terreine — van die politiek tot die godsdiens en sport. Trouens, daar is al geskryf dat 'n hoofartikelblad 'n volksuniversiteit behoort te wees en dat veel van die aan-

45. Aangehaal by W.H. Taft, *Newspapers as Tools for Historians*, USA, 1970, p.ix.
46. P.A. Weber, "Die Burger — sy Stryd, Invloed en Tradisie", in Scannell, *Keeromstraat 30* ..., pp.18— 9; O. Geyser (samesteller), *Dr. H.F. Verwoerd, die Republikein, Hoofartikels uit Die Transvaler 1937—1948*, Tafelberg, 1972.
47. C. Schettler, *Public Opinion in American Society*, New York, 1960, p.247.
48. J.C. Livingstone & R.G. Thompson, *The Consent of the Governed*, 2nd. ed., Macmillan, New York, 1966, pp.274— 81.
49. Best, *Public Opinion* ..., p.131.
50. J.E.C. Scott, senior assistent-redakteur van *The Star*, in 'n brief aan my, 14 Mei 1975.

dag aan die verskaffing van basiese onderrig aan sy lesers bestee moet word. Die leser kan deur middel van die brieweblad aan hierdie opvoedingsprogram deelneem, of soos Schalk Pienaar dit het: Jan Publiek kry inligting, en dan volg die res van Jan Publiek se kant af.[51] Dat hy die geleentheid te baat neem, behoort duidelik te wees as 'n mens jou probeer voorstel hoe oningelig 'n gemeenskap sonder 'n nuusbron sou wees.

Omdat 'n koerant in die posisie is om sy mag tot meningsvorming te misbruik, het ek al by geleentheid van koerantmening geskryf: "All is not public that goes through for opinion."[52]

Hierdie mag van die koerant moet egter nie oorskat word nie, want hoewel die leser hom laat beïnvloed, reageer hy nie soos 'n willose skaap nie. Daarom is die koerant gebonde om naastenby aan die leser te bied dít waarna hy soek en hom sal bevredig. Indien 'n koerant hierdie beginsel ignoreer en knaend leesstof aanbied wat teen die gevoelens van sy lesers indruis, sal hy algaande lesers verloor en op die ou end weens gebrek aan steun doodloop.[53]

Hierdie lot het verskeie Suid-Afrikaanse koerante getref. Dit was byvoorbeeld weens S.J. du Toit se Rhodes-gesindheid dat *Di Patriot* en die eerste Afrikaanse tydskrif *Ons Klyntji* soveel lesers verloor het dat publikasie gestaak moes word.[54] Om presies die teenoorgestelde rede, kritiek op Rhodes na die Jameson-strooptog, het J.B. Robinson se *South African Telegraph* van Kaapstad soveel steun verloor dat hy doodgeloop het.[55] Die Pietermaritzburgse koerant *De Natal Afrikaner* van J.R. Herschensohnn, stigter en redakteur, het vanweë sy anti-Kruger-beleid rondom die Anglo-Boereoorlog so uit voeling met sy lesers geraak dat hy op die ou end slegs 150 intekenare oorgehou het en op 4 Oktober 1904 die laaste keer verskyn het.[56] *De Zuid-Afrikaan,* wat later *Ons Land* geword het en die mondstuk van die Suid-Afrikaanse Party was, het op 8 April 1932 doodgeloop omdat hy, volgens *Die Burger,* spreekbuis van 'n politieke party geword het en nie meer van 'n volk nie.[57] Om dieselfde rede het *Die Volkstem* na 1948 tot niet gegaan.

## V

Die koerant moet dus deeglik rekening hou met die voorkeure van sy lesers, en op hierdie wyse is die lesers mede-bepalend aan die sosiale en politieke inhoud daarvan. Hierdie wisselwerking bring mee dat die meningsneerslag in die koerant in 'n mindere of meerdere mate 'n sintese van die wedersydse beïnvloeding tussen koerant en leser is. Die sintese is

51. *Rapport,* 30 Nov. 1975: Pollux se bladsy.
52. "Public Opinion in Natal and the Indians 1910–1915", 1976, manuskripvorm, p.2.
53. Berelson & Janowitz (Eds.), *Reader in Public Opinion* ..., pp.15, 540.
54. D.A.S. Herbst, "Die Afrikaanse Koerant – 'n Kitsoorsig", I, in *Acta Diurna Historica,* j/g 2(2), p.18.
55. G. Shaw, *Some beginnings* ..., pp.68– 9.
56. A.J. van Wyk, "Die Afrikaanse Koerantwese in Natal", in *Neon 18,* Aug. 1975, uitgegee deur die Natalse Onderwysdept., p.97.
57. Herbst, "Die Afrikaanse Koerant ...", II, in *Acta Diurna Historica,* j/g 2(3), Sept. 1973, p.11.

die spieëlbeeld wat die koerant van die openbare mening van sy gemeenskap gee.

In die heel eerste uitgawe van 'n koerant is daar al so 'n spieëlbeeld vervat aan die hand van sy taal, soort nuus, die aanbieding daarvan, die styl waarin dit geskryf word, die voorkeur wat aan, sê maar, politieke, ekonomiese, kulturele, landbousake, sport of die sensasionele gegee word. Die rede vir hierdie vroeë meningskaatsing lê daarin dat die redakteur reeds voor die verskyning van die eerste uitgawe weet waarop die koerant hom moet toespits, want net 'n dom man sal 'n koerant uitgee sonder 'n vooraf peiling van sy potensiële mark. 'n Blad wat 'n gegoede en intellektuele gemeenskap wens te bedien, moet uiteraard hemelsbreed verskil van een wat hom op 'n arbeidsgemeenskap wil rig. Dink maar aan die verskil in inhoud en aanbieding tussen byvoorbeeld *Die Burger* en *The World,* 'n blad wat hom op die swart lesers rig.

Al sou daar dus net een uitgawe van 'n koerant bestaan, sou dit, benewens feitelike gegewens, heelwat onregstreekse besonderhede van die lewenswyse, voorkeure en opvattinge van die gemeenskap verklap. Dit spreek dus vanself dat 'n koerant oor 'n aantal jare 'n betreklik volledige beeld van sy gemeenskap in sy nuus, hoofartikels, rubrieke en advertensies[58] bevat. Die skryfster M.E.R. het dit op 15 November 1922 so in *Die Burger* gestel: "Koerante, so goed of so sleg, so waar of onwaar as hulle mag wees, weerspieël darem wat in die wêreld aangaan. Maar dit is meestal net die vlug aangrypende bewegings van die maatskappy wat hulle weergee; of liewer, hulle gee wel alles weer, maar dit het die oog van die belangstellende nodig om in die verbygaande beweging die groot stadige bewegings en neigings te bemerk waarvan hierdie of daardie uitstaande gebeurtenis die bewys is. Die koerantskrywers self stip hulle net aan; om die groot stadige bewegings na te gaan, het tyd nodig en tyd is die een ding wat koerantskrywers nie het nie; hulle jaag om die beeld weer te verander van die een na die ander, om een voor die ander die warm nuus uit die kokende lewenspot te gryp en op te dis."[59]

Nou kan dit gebeur, soos wat 'n mens deesdae dikwels hoor, dat die pers beskuldig word van sensasioneel, pornografies, sede-bederwend en moreel-aftakelend te wees; kortom, dat die pers 'n windskewe, onware en vertekende beeld weerspieël. Dog aan die hand van die voorafgaande moet dit tog 'n spieëlbeeld van die gemeenskap wees. Al sou die spieël barste hê, sal dit nog voldoende kenbare trekke van die kyker terugkaats; m.a.w. die koerantbeeld is naastenby so goed of so sleg soos sy gemeenskap.

Die Amerikaanse pers het, in die aangesig van beskuldigings van bevooroordeeldheid en leuenagtigheid, uit sy pad gegaan om te bewys dat nié die pers nie, maar die Amerikaanse regering, die aartsleuenaar in die gemeenskap is. Hierin het hy op sensasionele wyse sukses behaal met die ontmaskering van die Watergate-skandaal van 1974–75 en sodoende die

58. Volgens W.L. Lucey, *History: Methods and Interpretation,* Chicago, 1958, p.32, beskou sommige historici die afleibare getuienis uit advertensies as die belangrikste bydrae van die koerant aan die historikus.

59. Rykie van Reenen, "M.E.R. as Die Burger se Vroueredaktrise", in *Tydskrif vir Geesteswetenskappe,* j/g 15(3), Sept. 1975, p.150.

openbare reaksie omgekeer. In Suid-Afrika het kritiek op die pers tot onderhandelinge tussen die Nuusblad-persunie (NPU) en die Regering gelei oor die daarstel van 'n pers-gedragskode en die stigting van 'n Suid-Afrikaanse Persraad. Die onderhandelinge het 'n gevorderde stadium bereik.

As die pers intrinsiek dekadent, onwaar en daarom verwerplik is, behoort 'n koerant wat "goeie" nuus aan die "goeie" gemeenskap aanbied, welslae te behaal; dog geen ervare koerantman sal met so 'n stelling saamstem nie, want een van die joernalistieke aksiomas is "goeie nuus is geen nuus". Een Amerikaanse koerant het besluit om in stryd met hierdie aksioma op te tree en net goeie nuus te publiseer. Die gevolg? Hy het in finansiële nood beland ten spyte van sy goeie nuus en sy bypassende naam *The Good News Paper.*[60]

Dit was 'n Amerikaner wat 'n slag tereg geskryf het dat dit verkeerd is om die joernalistiek uit te sonder as synde dié ellendige sondebok van die beskawing, want, skryf hy, dit is twyfelagtig of 'n koerant van utopiese gehalte geskep kan word as die gemeenskapslewe nie utopies ingestel is nie.[61]

## V

Die geskiedenis van die koerant as nuusblad reik terug tot die pamfletlektuur van die 16e eeu in Europa, waaronder o.a. Martin Luther se geskrifte. In 1609 het twee gedrukte weekblaaie hul verskyning in Augsburg en Straatsburg gemaak — met kwalik iets gemeen met 'n hedendaagse koerant. In 1622 is die *Weekly News* in Engeland gebore, in 1631 die Franse *Gazette* onder Richelieu se aanstigting. Tydens die 18e en eerste helfte van die 19e eeu het Britse koerante begin om beriggewing met vertolking en kommentaar gepaard te laat gaan, en in Frankryk het 'n groep redakteurs die revolusie van 1830 gemaneuvreer — die eerste keer dat die sg. "vierde stand" as 'n besliste politieke mag na vore getree het.[62]

Sedertdien het die omvang en invloed van die pers op 'n enorme skaal uitgebrei totdat daar reeds in 1960, volgens Unesco, daagliks 300 miljoen eksemplare van koerante dwarsoor die wêreld versprei is.[63] 'n Derde van die wêreld se dagblaaie word in Amerika uitgegee.[64] Meer as 'n miljoen eksemplare

60. Servan-Schreiber, *The Power to Inform ...*, p.119.
61. Aangehaal in Bird & Merwin (Eds.), *The Press and Society ...*, p.405.
62. C.J. Friedrich, *Constitutional Government and Democracy, Theory and Practice in Europe and America*, 4th ed., Blaisdell, 1968, pp.507—9.
63. Herbst, "Kommunikasie — Midde in die Eietydse", in *Acta Diurna Historica*, j/g 2(1), Maart 1973, p.3.
64. Servan-Schreiber, *The Power to Inform ...*, p.x.

word daagliks in Suid-Afrika versprei en kort duskant nege miljoen per week.[65]

Vanweë die eietydse getuienis wat hierin vervat is, opgestel deur ooggetuies van en mede-spelers in die snel voltrekkende menslike lewensdrama, is dit nie alleen wenslik dat die historikus die koerante deeglik moet bestudeer nie, maar gebiedend noodsaaklik. Die historikus W.L. Lucey glo dat die koerant in vele opsigte die historikus se belangrikste bron van inligting is.[66]

Sonder om in 'n debat te wil verval oor wat 'n historiese bron is, kan gesê word dat dit, in die ruimste betekenis, alles is wat op die een of ander wyse 'n bewys lewer van iets wat in die verlede voorgeval het.

Dat alle koerante aan hierdie definisie voldoen, val nie te betwyfel nie. Tog is dit opvallend dat in 'n diepsinnige bespreking van twaalf bladsye oor wat onder historiese bronne verstaan word, die historikus Marwick[67] nie 'n woord van koerante rep nie. Miskien is dit maar toevallig, want die vraag of 'n koerant 'n historiese bron is, is geen strydpunt nie, soos blyk uit uitsprake van o.a. Garraghan,[68] Gottschalk,[69] Hockett,[70] en Barnes.[71] Waaroor daar wel verskil word, is die belangrikheid, of geloofwaardigheid, van die koerant as bron. Dit word van betreklik laag tot hoog aangeslaan. Garraghan noem dit 'n historiese hulpmiddel (aid) wat, *indien* gebruik, met die nodige voorbehoud gedoen moet word.[72] Barnes skaar dit egter "among the richest collections of raw materials for the historian of periods".[73]

Watter uitspraak moet nou aanvaar word?

Allan Nevins, juis 'n vooraanstaande joernalis wat beroepshistorikus geword het, is van mening dat die beste getuienis waarvan die histori-

65. Volgens die Audit Bureau of Circulations was die oplaag van SA koerante in Julie—Des. 1975 soos volg:

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 5-daagse dagblaaie | | 6-daagse dagblaaie | | |
| 6 Engels | 499 842 | 7 Engels | 285 242 | |
| 1 swart Engels | 123 556 | 1 Afrikaans | 42 774 | |
| 7 Afrikaans | 255 992 | | | |
| | 879 390 | | 328 016 | |
| Weekliks (x 5) | 4 396 950 | (x 6) | 1 968 096 | = 6 365 046 |
| Naweekblaaie | | Sondag- en weekblaaie | | |
| 6 Engels | 451 944 | 3 Engels | 826 203 | |
| 1 swart Engels | 178 708 | 1 Afrikaans | 484 702 | |
| 6 Afrikaans | 181 005 | 1 swart Engels | 49 880 | |
| | | 1 bruin Eng. weekblad | 80 254 | |
| | | 1 swart half-weekliks | 144 412 | |
| | | 1 swart weekb. | 67 778 | |
| Totaal | 811 657 | | 1 653 229 | = 2 464 886 |
| Weeklikse groottotaal | | | | 8 829 932 |

66. *History, Methods and Interpretations*, p.32.
67. A. Marwick, *The Nature of History*, Macmillan, 1973, pp.131— 42.
68. G.J. Garraghan, *A Guide to Historical Method*, ed. J. Delanglez, New York, 4th printing, 1957, pp.240— 58.
69. L. Gottschalk, *Understanding History, A Primer of Historical Method*, New York, 2nd ed., 1969, pp.89—117.
70. H.C. Hockett, *The Critical Method in Historical Research and Writing*, Macmillan, 11th printing, 1970, pp.47—8.
71. H.E. Barnes, *A History of Historical Writing*, 2nd rev. ed., New York, 1963, pp.369—70.
72. *A Guide to* ..., p.256. My kursief.
73. *A History of Historical Writing*, p.369.

kus gebruik kan maak "is that in which no element of self-interest, no element of ignorance and no element of bias appears".[74]

Hieraan gemeet, voldoen veel van die getuienis wat in 'n koerant vervat is, nie aan die maatstaf "die beste" nie. Maar dieselfde kan gesê word van baie van die getuienis in wat as die betroubaarste geskrewe bronne beskou word. Daarom is daar 'n historiese metodologie waarvolgens die betroubaarheid van alle getuienis gemeet moet word.

Dit is byvoorbeeld so dat selfs kerklikes dit soms moeilik vind om hul eie genotuleerde besluite na behore te vertolk, soos dié wat die Kaapse Sinode van die N.G. Kerk in Oktober 1961 rondom die Cottesloeberaad geneem het. Die segsman hiervoor is 'n joernalis, J.J. van Rooyen,[75] uit wie se getuienis dit blyk dat hý uit die staanspoor die Sinode-besluit korrek vertolk het as synde 'n verwerping van regstreekse verteenwoordiging van Kleurlinge in die Parlement, maar dat die Sinode eers na veel geredekawel tot dieselfde siening oor sy eie besluit gekom het.

Regstukke is ook nie bo verdenking nie. Waarom is die rebelle van 1914 deurgaans swaar gestraf en die brandstigters van 1915 so lig? 'n Mens kan nie anders nie as om tot die gevolgtrekking te kom dat daar politieke suurlemoensap deur hierdie hofverrigtinge geloop het.

Dieselfde geld die verhoor van Dinuzulu, leier van die Zoeloevolk, in 1889 op aanklag van hoogverraad. Die hofverslag is in 'n ongenommerde blouboek gepubliseer en beslaan rondom 1 000 bladsye. Op grond van wat daarin vervat is, is Dinuzulu skuldig bevind, *maar nadat* van die verdoemendste getuienis téén sy vervolgers, die Britse amptenary, om duistere redes deur die hof as ontoelaatbaar verwerp was. As alles rondom die saak ontleed word, kom 'n mens tot die gevolgtrekking dat jy hier eerder met 'n politieke verhoor as 'n geregshof te doen het en dat 'n skuldigbevinding uit die staanspoor 'n uitgemaakte saak was.[76]

Hierteenoor staan die siening van Zoeloelandse sake deur *The Times of Natal* van 21 November 1888: "The future historian of South Africa will probably find it difficult to decide between the claims of wickedness, weakness, and folly for dictating the political history of Zululand."

Hierdie 28 joernalistieke woorde bevat 'n groter waarheid oor Zoeloelandse sake in daardie tyd as die bevinding van die drie regters wat op al daardie duisende woorde in die amptelike hofverslag berus.

Vervalste dokumente is ook 'n struikelblok vir die navorser en Gottschalk waarsku die historikus om op sy hoede te bly daarteen,[77] terwyl Nevins uitvoerig oor die "cheating document" uitwei.[78] Die berugste vervalsing, die sogenaamde Skenking van Konstantyn, is deur Middeleeuse kerklikes voortgebring. Die boeke Konings van die Ou Testament, word beweer, bevat vooroordeel.[79] Parlementêre verslae is al ver-

74. *The Gateway to History*, New York, 1938, p.177.
75. *Ons Politiek van Naby*, Tafelberg, 1971, pp.102– 4.
76. Van Wyk, *Dinuzulu en die Usutu-opstand van 1888*, MA-verhandeling, UOVS, 1972, veral pp.242– 55.
77. *Understanding History* ..., p.118.
78. *The Gateway to History*, pp.119–37.
79. Hockett, *The Critical Method in Historical Research*, p.55; Gottschalk, *Understanding History* ..., pp.118–9.

vals, en selfs wette en regulasies, op die oog af onpersoonlike dokumente, weerspieël die hoop, vrese, bevele, dreigemente of verwagtinge van een of ander individu of groep en kan onbetroubaar wees.[80]

Bloot teoreties gesproke kan die Hansard van enige parlement onwaarhede bevat. Dit kan toevallige foute wees, of doelbewuste misleiding, want die persone wat die Hansard saamstel, is net so onderhewig aan menslike emosies soos die kerklike wat 'n dokument vervals, of die verslaggewer wat sy segsman iets laat sê wat hy nooit gesê het nie. Al sou die Hansard-verslae altyd korrek wees, kan dit steeds leuenagtige stellings deur parlementslede bevat en moet dit aan ander getuienis getoets word.

So 'n gevaar vir die historikus is die slagysters van misleiding wat in die bronne versteek lê, dat Hockett waarsku: "It is therefore worth while to repeat that each statement must be tested not only separately, but also in the light of all pertinent evidence."[81]

## VI

Alle geskrewe bronne moet met agterdog bejeën word.

"Ja, maar die koerant moet met 'n dubbele maat gemeet word," sal sommige sê, want historici is geneig om die joernalis se pennevrug as "blote joernalistiek" af te maak, en 'n mens hoor dikwels: "Die koerant lieg al weer."

Dat die koerant feitelike onjuisthede bevat, misstellinge, fiktiewe uitsprake, openlike en bedekte leuens, is gewis. Almal weet dit, want almal lees koerant — van die Eerste Minister tot die straatveër. As húlle die fout of die leuen miskyk, is daar 'n menigte wat dit kan opmerk en daaroor praat. Elke dag doen die geleentheid hom in Suid-Afrika voor, want meer as 'n miljoen koeranteksemplare word daagliks versprei. As die weeklikse oplaag van meer as 8¾ miljoen drie lesers per eksemplaar het, beloop S.A. se weeklikse lesertal sowat 26¼ miljoen.

Is dit nie een van die baie belangrike redes waarom die koerant se geloofwaardigheid so onder verdenking is nie? Gestel net die helfte van die private, half-amptelike en amptelike briewe wat daagliks in Suid-Afrika geskryf word en eers die openbare daglig kan haal wanneer die historikus dekades later daaroor struikel, sou net so in die kollig kom soos die koerant, dan is dit nie onmoontlik nie dat 'n groot persentasie onjuisthede, misstellinge, verdraaiinge en leuens daardeur onmiddellik openbaar sou word. So sou die ongeloofwaardigheid van die pers dan in perspektief gesien kon word.

Met die opspraakwekkende David Protter-episode verlede jaar in Johannesburg het verstommende verhale van "ooggetuies" in die pers verskyn en oor die radio opgeklink oor wat alles daar sou gebeur het — veel daarvan louter kaf. Al sou 'n mens aanvaar, wat onbillik sou wees, dat vyftig persent van daardie onjuiste "ooggetuieverslae" uit 'n joernalistieke

80. Gottschalk, *Understanding History* pp.107–8, 118–9.
81. *The Critical Method* ..., p.56.

duim gesuig was, dan het die ander vyftig persent nog uit die geledere van Jan Publiek gekom wat juis sê: "Die koerant lieg al weer."

Ten spyte van die snert wat ook daarin vervat is, kan die historikus die Protter-verhale van die verskillende koerante teen mekaar opweeg en aan die latere persverslae van die hofverhoor toets om sodoende "'n geskiedenis van die Protter-opskudding van 1975" te skryf wat stewig op pote sal staan. Sonder daardie persverslae sal hy dit ook aan die hand van die amptelike stukke kan doen, maar oor vyftig of honderd jaar hiervandaan sal hy sukkel om die eietydse atmosfeer daaraan te gee wat die persverslae vanself aankleef. Boonop sal hy feitelike gegewens mis wat in die persverslae vervat is, maar nie in die amptelike stukke nie; en hy sal nie die hoofartikels hê om hom te help om die openbare mening van die tyd te peil nie.

Die verhaal van die mens van die vroegste beskawings af het enorme brakkolle vanweë 'n gebrek aan bronne. Gestel die absolute onmoontlike sou gebeur dat net een koerant soos die hedendaagse ontdek sou word wat daagliks van 50 v.C. tot 50 n.C. in Hebreeus in Jerusalem verskyn het, of in enige ander taal, plek of tyd. Dit sal sekerlik, bloot op grond van die addisionele gegewens oor die verhaal van die mens daarin vervat, as die historiese ontdekking van die eeu beskou word. Dit sal 'n historiese skat wees en soos goud bewaar word.

Die afgelope twee eeue kom koerante uit perse dwarsoor die wêreld en is daar in die proses 'n skat aan bruikbare gegewens vir die historikus vergaar. Veel hiervan lê nog onbenut, maar 'n goeie begin met koerantnavorsing is reeds gemaak, ook in Suid-Afrika, want daar is al diep uit koerantmateriaal geput vir studies oor bv. die Groot Trek-tydperk, die Tweede Vryheidsoorlog en die Suid-Afrikaanse politiek van die 20ste eeu.

Oor die Groot Trek is bydraes gelewer deur o.a. C.F.J. Muller, *Die Oorsprong van die Groot Trek,*[82] F.A. van Jaarsveld, *Die Tydgenootlike Beoordeling van die Groot Trek 1836—1842,*[83] A.P. van Niekerk, *Die Kaapse Pers en die Groot Trek, 1834—1842,*[84] A.L. Harington, *The Graham's Town Journal and the Great Trek, 1834—1843,*[85] en B.J. Liebenberg, *Andries Pretorius in Natal.*[86] Rondom die Tweede Vryheidsoorlog is soortgelyke studies gelewer deur bv. S. Strauss, *Beriggewing in De Volksstem en The Star gedurende die tydperk 1896 tot 1899: 'n kritiese metodologiese analise,*[87] J.M. Schoeman, *Koerantberiggewing oor die krisisdae, 25 September tot 20 Oktober 1899; 'n kritiese metodologiese analise,*[88] A.N. Porter, "Sir Alfred Milner and the Press, 1897—1899",[89] M. Boucher, "Imperialism, The Transvaal Press and the Spanish-American War of 1898",[90] D. Williams,

82. Tafelberg, 1974.
83. Mededelings van die Univ. van SA, C36, Pretoria, 1962.
84. MA-verhandeling, Unisa, 1966.
85. MA-verhandeling, Unisa, 1968.
86. D.Litt. et Phil-proefskrif, Unisa, 1974.
87. MA-verhandeling, UP, 1964.
88. MA-verhandeling, UP, 1973.
89. In *The Historical Journal,* 16(2), June 1973, pp.323— 39.
90. In *Kleio,* V(2), Sept. 1973, pp.1—32.

"Newspapers as Public Opinion in the South African War Years: A Note in a Western Canadian Setting",[91] C. Miller, *"English-Canadian Opposition to the South African War as seen through the Press"*,[92] en D.W. Krüger, *Die Ander Oorlog, Die stryd om die openbare mening in Engeland gedurende die Tweede Vryheidsoorlog.*[93]

Onder die bydraes van 'n politieke aard moet as van die heel eerstes genoem word C.M. van den Heever se biografie, *Generaal J.B.M. Hertzog*, wat in 1943 in Johannesburg verskyn het, met enkele jare later die werk van M. Roberts en A.E.G. Trollip, *The South African Opposition 1939—1945, An Essay in Contemporary History.*[94] Onder die jongstes is gelewer dié deur O. Geyser en A.H. Marais (reds.), *Die Nasionale Party Deel I, Agtergrond, Stigting en Konsolidasie.*[95] Sedert veral die sestigerjare het etlike dissertasies die lig gesien, bv. dié van P.F. van der Schyff, *Die Unioniste Party in die Suid-Afrikaanse Politiek,*[96] D.J.J. Coetzee, *Die Geskiedenis van die Nasionale Party 1914—1921,*[97] D.O. Rhoodie, *Die Volgroeiing van die Status van die Unie van Suid-Afrika tot Soewereine Onafhanklikheid,*[98] A.H. Marais, *Die Politieke Uitwerking van die Verhouding van die Afrikaanssprekende tot die Engelssprekende 1910—1915,*[99] A.J. Fick, *Die Ontstaan van die Dominium-party van Suid-Afrika,*[100] en J.J. van Tonder, *Die Naturellekwessie in die Suid-Afrikaanse Politiek vanaf Unifikasie tot 1915, met besondere verwysing na beleids- en partydifferensiasie.*[101] Almal het in 'n mindere of meerder mate van die koerant as bron gebruik gemaak. Marais se lywige proefskrif steun 46% op koerantmateriaal — selfs oor die 70% ten opsigte van sy hoofstuk IV en VIII.

Dit is geensins al nie. In die *Select Bibliography* en sy *Supplement*[102] word etlike dosyne wetenskaplike en ander werke aangedui waarin die Suid-Afrikaanse pers en/of perspersoonlikhede op die een of ander wyse aangeraak word. Omdat veel van hierdie werke verspreid onder verskeie afdelings voorkom, word 'n veertigtal van hulle wat nie elders in hierdie artikel genoem word nie, hieronder byeengebring deur slegs die nommers waaronder hulle in die *Select Bibliography* verskyn, aan te stip.[103] 'n Twintigtal bydraes kom nie in die *Select Bibliography* voor nie, maar wel in die jongste

91. In *Historia*, j/g 21(2), Sept. 1975, pp.146— 50.
92. In *The Canadian Historical Review*, LV(4), Dec. 1974, pp.422— 38.
93. RGN, publikasiereeksnommer 49, Tafelberg, 1974.
94. Longmans, London, etc., 1947.
95. INEG, UOVS, uitgegee deur Academica, Pretoria, ens., 1975.
96. MA-verhandeling, Potchefstroom, 1964.
97. MA-verhandeling, UOVS, 1967.
98. D.Phil-proefskrif, UP, 1969, gepub. onder die titel *Suid-Afrika: van koloniale onderhorigheid tot soewereine onafhanklikheid*, Perskor, 1974.
99. D.Phil-proefskrif, UOVS, 1972.
100. MA-verhandeling, Unisa, 1973.
101. D.Phil-proefskrif, Potchefstroom, 1976.
102. C.F.J. Muller et al. (Eds.), *A Select Bibliography of South African History, A Guide for historical research*, Unisa, 1966; *Supplement to* ... Unisa, 1974.
103. Nrs. 64, 77, 113, 576, 1219, 1977, 1988, 1995, 1999, 2000, 2004, 2008, 2203, 2257, 2271, 2388, 2499, 2592, 2611, 3114, 3161, 3361, 3376, 3872, 3874, 3879, 3884, 3885, 3886, 3888, 3889, 3894, 3895, 3898, 3901, 3902, 3903, 3904, 3905, 3906, 3910, 3911, 4237, 4274, 4315 en 2292.

uitgawes van *Kleio*. Dié van hulle wat nie elders in hierdie artikel genoem word nie, word hieronder aangedui.[104]

Hulpmiddele wat die navorser help om sy pad na en deur die Suid-Afrikaanse koerante te vind, is, in vergelyking met die buiteland, nog beperk, maar tog van groot nut.[105] Die Instituut vir Eietydse Geskiedenis in Bloemfontein het enkele jare gelede met 'n geselekteerde en geklassifiseerde knipseldiens uit 'n dertigtal koerante en 'n twintigtal vaktydskrifte begin.[106] Hierdeur word dié publikasies nie alleen vir alle praktiese doeleindes onder een dak byeengebring nie, maar kan die navorser regstreeks by die inligting uitkom waarna hy soek. Daarbenewens het die Sentrale Dokumentasiediens van die Suid-Afrikaanse Weermag met 'n gerekenariseerde knipseldiens oor militêre en aanverwante sake uit sowat 100 Suid-Afrikaanse koerante en 250 tydskrifte begin. Ook hierdie diens is tot die navorser se beskikking.[107]

Die taak van die Suid-Afrikaanse koerantvorser word al makliker en daar sal voortaan al meer van die koerant as bron gebruik gemaak word. Sodoende sal voortgebou word op 'n ontwikkeling wat maar sedert die veertigerjare dateer, toe 'n jonger geslag historici weggebreek het van die byna "Middeleeuse" opvatting van wat 'n historiese bron is en die koerant nie langer as iets melaats beskou het nie.[108] Dat dit bevrugtend op die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing moet inwerk, spreek vanself, want die koerant help nie net die historikus om die atmosfeer van die tyd te skets en die openbare mening te peil nie, maar verskaf heel dikwels onvervangbare inligting. Van die reeds genoemde dissertasies en publikasies sou kwalik sonder benutting van koerantmateriaal geskryf kon word, andere sou armer daarsonder gewees het. Dit is ondenkbaar om die geskiedenis van die Afrikaner in Natal 1910—1920 te wil skryf sonder om die koerant, *De Afrikaner*, te raadpleeg. Hierdie blad bevat verslae van byeenkomste

104. W.A. Bellwood, *South African Backdrop*, Nas. Boekh., Cape Town, 1969; I. Benson, *News and Newspapers*, SABC, n.d., *The Press and Public Opinion*, SABC, n.d., *The Problem of an Unfree Press*, SABC, n.d.; F.C.L. Bosman, *Hollandse Joernalistiek in Suid-Afrika gedurende die 19e eeu*, Pretoria, 1932; L. Louw, *Dawie 1946—1964, 'n Bloemlesing uit die geskrifte van Die Burger se politieke kommentator*, saamgestel deur ..., Tafelberg, Kaapstad, 1965; G.S. Nienaber, *Honderd Jaar Hollands in Natal (tot 1928)*, De Bussy, Pretoria, 1933; R. Price, *On Imperial War and The British Working Class: Working-Class Attitudes and Reactions to the Boer War 1899—1902*, London, 1972; G.D. Scholtz, "Die Afrikaner en sy Pers", in *Koers, Maandblad vir Calvinistiese Denke*, j/g 31(5 & 6), Potchefstroom, 1963; P.G. Snyman, *Pers en Leser*, gepub. MA-verhandeling, Potchefstroom, 1971; F.A. van Jaarsveld, *Stedelike Geskiedenis as Navorsingsveld vir die Suid-Afrikaanse Historikus*, Publikasiereeks van RAU, B3, 1973; T. Vosloo, *Schalk Pienaar: 10 jaar politieke kommentaar*, saamgestel en gered. deur ..., Kaapstad, 1975.
105. Sien D.H. Varley, *Union List of South African Newspapers*, Cape Town, SA Pub. Lib., 1950 (nie baie betroubaar nie); Anonomous, *South African Newspapers Available on Microfilm*, 1st ed., State Lib., n.d.
106. C. Marais, "*INEG se Koerantknipselstelsel* — 'n Waardevolle Hulp vir Navorsers", in *Acta Diurna Historica*, j/g 1(4), Des. 1972, pp.7—9; ook *Acta* ..., j/g 4(1), April 1975, p.16.
107. Meegedeel.
108. M.C.E. van Schoor, "Die Koerant as Historiese Bron", in *Rondom die Eietydse Geskiedenis, Seminaarreeks 1971*, Ineg, UOVS, p.57.

van debatsverenigings, boereverenigings en takke van politieke partye wat waarskynlik nêrens elders te vinde is nie. Die notule van die stigtingsvergadering van die eerste Nasionale Partytak in Natal is net hierin te kry.[109]

Daar is 'n hemelsbreë verskil in die uiterlike en selfs inhoudelike van die 19e-eeuse en die hedendaagse koerante. Met hul weinig illustrasiemateriaal en kolom op kolom fyngedrukte nuus en kommentaar, kom die koerante van die 19e en selfs vroeër 20ste eeu saai voor vir die hedendaagse koerantleser wat gewoond is aan 'n kunstige produk met sprekende foto's, spotprente en opskrifte wat die leeslus prikkel. Wat die inhoudelike betref, bevat die vroeëre koerante feiteliker en betroubaarder inligting as die hedendaagse. Die neiging was om feiteliker en uitvoeriger te berig, en in 'n tyd toe die koerant haas die enigste kommunikasiemiddel was, was dit ook noodsaaklik. Hierdie koerante was nie totaal vry van propaganda of kommentaar in die nuuskolomme nie, maar die propaganda was minder subtiel as vandag. Daarenteen is daar tans veel meer gevestigde koerante as honderd jaar gelede en kan hul teenstrydige standpunte teen mekaar opgeweeg word om by die "waarheid" uit te kom, of soos die Amerikaner George Morris dit stel: "Read several papers, day after day, and eventually the truth will emerge."[110]

Deur voorts die gebruiklike uitwendige en inwendige kritiek op die koerant as bron toe te pas, kan die historikus net soseer die korrels van die kaf skei as wanneer hy met 'n argivale handgeskrewe dokument te maak het. Daarom word daar volmondig met M.C.E. van Schoor saamgestem dat, ten spyte van sy gedaanteverandering die afgelope eeu, "die koerant vir die geskiedenis in die breë en vir die eietydse geskiedenis in die besonder 'n waardevolle, noodsdaaklik(e) en steeds onmisbare bron" bly.[111]

Om die volle potensiaal van die koerant as bron te benut, moet daar nie alleen dieper in die koerant self gedelf word nie, maar ook in die *wie* en *wat* van diegene agter die papiergordyn.[112] Net so belangrik as wat dit is om te weet wie 'n dokument of geskiedwerk geskryf het, is dit om te weet wie die redakteur en die man (instansie) met die beurs of invloed agter die redakteur is. Relatief gesproke is dit net so belangrik om van Milner se betrokkenheid in die pers te weet, as dat A. von Levetzow, eienaar-redakteur van die obskure *The Vryheid Herald* van Natal, tydens die Rebellie van 1914 geïnterneer is en dat sy koerant toe nie meer kon verskyn nie; of dat die politieke koersverandering van *The Times of Natal* rondom 1911 slegs daaraan toegeskryf kan word dat Engelenburg beheer daaroor verkry het en dat 'n nuwe redakteur aangestel is.[113]

Gelukkig is daar reeds baie inligting van hierdie aard beskikbaar in die werke waarna reeds verwys is, maar veel bly verborge en sal nooit opgeklaar kan word nie, want joernaliste self bly hinderlik anoniem, met

109. Eie navorsing.
110. Aangehaal by D.A.S. Herbst, "Die Funksie en Indiwidualiteit van die Pers (Koerant)", in *Rondom die Eietydse Geskiedenis, Seminaarreeks 1971*, p.46.
111. "Die Koerant as Historiese Bron", in *ibid.*, p.62.
112. E. Rhoodie het 'n boek geskryf met die titel *The Paper Curtain*, Johannesburg, 1969.
113. Eie navorsing.

voorbeeldige uitsonderings: Schalk Pienaar, Stanley Uys, Wimpie de Klerk, Beaumont Schoeman; en andere wat agterna veel oplewer: Morris Broughton, Jan van Rooyen, Ivor Benson, Piet Meiring. Dit is jammer dat elke koerant-item nie aan 'n outentieke naam gekoppel kan word nie — ook die advertensies.

'n Volle en volgehoue benutting van koerantmateriaal is onontbeerlik vir die geskiedskrywing. En dit sal die historikus betaam om te onthou dat, al sou hy sy verhaal nét uit koerantgegewens saamstel, daar nog 'n vraagteken oor sal hang — nie of hy 'n bydrae gelewer het nie, maar of sy verhaal geloofwaardiger as die joernalis s'n is, want, skryf Barnes, "...it is a moderate statement to hold that history based on journalism can hardly be as reliable as the better contemporary journalism itself".[114]

Dit spreek boekdele vir die koerant as bron.

114. *A History of Historical Writing*, p.370.